

Christus het ons vir God se liefde geheilig

ds. PJ Kriel Doop: Liam en Logan Becker, Lumé Vosloo, Leané Venter 18.12.2016

Skriflesing Lukas 1: 30 – 35; 72 -75 Hebreërs 2:9 – 18; 8: 1, 2, 6, 10 – 12; 10: 9 14; 19 – 22.

Liturgie: Lied 169 verse 1 – 3; Lied 288 Verse 1 – 3; Lied 171 verse 1 en 2.

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus ons vir God se liefde volkome maak en ons gebroke liefde ook vir God volkome maak. Dit is wat dit beteken dat Christus ons heilig. Hy heilig vir God se liefde en heilig ons liefde vir God. Dit doen Christus deur ons in wie Hy as mens vir God is in te sluit. Omdat ons deur sy lyding vir God se liefde heilig is, is God nie skaam vir ons en ons liefde vir God nie. Ons mag vrymoedig God liefhê. Christus laat kinders ook vir Hom heilig wees en Hy skaam Hom ook nie om Here vir kinders te wees nie. Dit is wat hulle doop verseël.

Teks Hebreërs 2: 11 “Want sowel Hy wat heilig maak, as hulle wat geheilig word, is almal uit Een.” Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle sy broers te noem nie.”

Tema: Christus het ons vir God se liefde geheilig

1. Wat is daar in ons lewe oor wat nog heilig is? Kan u aan enigiets dink waaroor u nog die aanvoeling het: Dit is vir my heilig?”

Dit is ons probleem vanoggend met die Woord van die Here. Ons het geen aanvoeling of begrip meer vir wat die Woord van God heilig noem nie. Hierdie probleem is so diep dat die Bybelvertalers van 1983 juis besluit het om hierdie woord “heilig” weg te vertaal. Volgens hulle aanvoeling het mense nie meer enige aanvoeling of begrip gehad vir wat die Bybel “heilig” noem nie.

Daarom het hulle twee nuwe woorde in die plek van heilig gebruik naamlik “afgesonder” wanneer dit verwys na wat God met mense doen, soos in die boek Hebreërs wat ons gelees het en ook die woord “gelowiges” soos in die boek Handelingte waar lidmate in die Grieks die heiliges genoem word maar dit as gelowiges vertaal was.

In die NAV wat ek vir u voorgelees het, het hulle die woord heilig weer vertaal soos dit in die Grieks staan.

2. Hoekom is niks vir ons meer heilig of weet ons nie eers meer wanneer iets heilig is nie?

Dit gaan oor ’n baie spesifieke lewenshouding wat mense vir huls self aanmatig in ons moderne samelewing! Hierdie houding wys daarin dat mense van enige iemand en enige iets mag sê net wat hulle voel en dink. Nie sommer net as ’n manier van

praatjies maak nie, maar as mense se mag en reg om self te besluit wie en wat ander is. Mense se indrukke, aanvoeling, en menings oor ander is vir hulle die waarheid en werklikheid van wie ander is.

Met hierdie aanmatigende houding het mense op een of ander manier dit ook al reg gekry dat niemand iets anders of meer kan wees as wat hulle klaar oor so persoon of saak voel en geoordeel het nie.

Die kern van hierdie houding is die selfgenoegsaamheid dat mense oortuig is dat hulle presies weet hoe om iemand te plaas: wat sy plek in hul lewe is, wat sy betekenis in hul lewe is, wat hy voor nuttig in hul lewe is en waarvoor hy in hul lewe gebruik kan word.

In hierdie selfgenoegsaamheid van mense en hul eie lewe as die middelpunt van alles, is en kan niks meer heilig wees nie. Alles om mense het net waarde in terme van hoe dit in hul lewe vir hulle sin maak, vir hulle betekenis het, vir hulle nuttig is en deel van hul ervarings, hul selfbeeld en selfverstaan is.

Daarom raak alles wat die Woord van God as heilig openbaar vir mense ontoeganklik. Of hulle verstaan dit nie meer nie, of nie het enige aanvoeling meer daarvoor nie, of dit is geheel en al afwesig vir hulle en die wêreld wat hulle vir hul self geskep het.

3. Die werklikheid van wie God as God is, is dat Hy heilig is en ons heilig maak, of ons dit nou verstaan of aanvoel of nie. Dit is hoe dit in Hebreërs aangekondig word: “11 “Want sowel Hy wat heilig maak, as hulle wat geheilig word, is almal uit Een.”

God doen nie wat Hy as God doen om vir ons bruikbaar, nuttig, sinvol of verstaanbaar te wees nie. Hy doen wat Hy as God doen omdat Hy God is soos Hy God is. Hy doen wat Hy as God doen sodat ons kan wees waarvoor Hy ons gemaak en bestem het in sy liefde – heilig.

Jesus Christus is uit die maagd Maria gebore om ’n heilige mens te wees. Dit is die kern van die Kersaankondiging van die engel aan Maria: “Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom sal die kind wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God.” Lukas 2: 35

Die Heilige is God self ’n heilige mens. Dit is wie Jesus in en deur sy geboorte uit die maagd Maria is: heilige mens en self Seun van God die Vader, self die Heilige God.

4. Wat beteken dit dat Jesus as mens heilig is?

In die Woord van God gaan heiligheid oor liefde. Liefde soos God dit bedoel is heilig.

Christus het ons vir God se liefde geheilig

'n Mens wat volkome en ten volle liefhet soos God liefde in sy wet openbaar, is heilig. Liefde wat heeltemal en volkome liefde is volgens God se wet, is heilig. Wie so as mens liefhet is 'n heilige mens.

Dit is die besondere van Jesus se geboorte deur die krag van die Heilige Gees. Jesus word geskep deur God uit Maria om 'n mens te wees soos menswees bedoel is om te wees – om volkome lief te hê.

Omdat Jesus deur die Heilige Gees geskep is, is Hy nie 'n mens met sondige begeertes nie. Is Hy nie 'n mens wat sy sondige begeertes uitleef asof sy begeertes liefde is nie.

5. Wat beteken sy heiligheid as mens vir ons?

Dit word in Sagaria se loflied openbaar is vers 74 en 75: sodat “gered uit die hand van ons vyande, Hom onbevrees kan sou dien en al ons dae voor Hom in heiligheid en geregtigheid kan leef.”

Dit is wat Jesus die Christus vir sondaars as Verlosser bewerk. Hy wat self 'n heilige mens is, 'n mens wat volkome liefhet, bewerk dit dat sondaars in heiligheid voor God kan leef.

Dit bewerk Hy nie deur vir ons 'n voorbeeld te wees wat ons moet nadoen nie. Sou dit so gewees het, bewerk Hy nie ons heiligheid nie. Dan moet ons ons eie heiligheid op sy voorbeeld na bewerk.

Dit is die tipe vergifnis wat Christus bewerk: Hy láát ons in heiligheid en geregtigheid voor God leef. Dit is iets wat Hy bewerk om so te wees en te laat gebeur. Christelike vergifnis is en kan nooit wees dat ons straf gespaar word omdat ons wys hoe jammer ons is en hoe toegewy ons wil wees nie. Dit is boetedoening. Dit is glad nie Christelike vergifnis nie. Christus se vergifnis volgens verse 77 en 78 is om in heiligheid en geregtigheid voor God te kan leef.

Om in heiligheid voor God te kan leef beteken dat ons liefde vir God volkome is volgens die eise van sy wet, die Tien Gebooie.

Dit is hoekom Jesus as mens heilig is, vandag nog steeds in die hemel, om ons in heiligheid voor God te kan laat leef. Sy heiligheid as mens laat ons voor God heilig leef!

6. Dit is presies wat Hebreërs 2 vers 11 stel: “Want sowel Hy wat heilig maak, as hulle wat geheilig word, is almal uit Een.”

Jesus wat 'n heilige mens is, maak sondaar mense heilig! Jesus wat in sy liefde as mens vir God en sy naaste volmaak is, maak sondaar mense in hulle liefde vir God en hulle naaste volmaak.

Hoe?

Vers 9 stel dit so: “Dit was immers gepas dat Hy, vir en deur wie alles bestaan, ten einde baie kinders tot heerlikheid te lei, die Leidsman van hulle verlossing deur lyding heen tot volmaaktheid sou bring.”

Jesus het in elke opsig gelyk geword aan ons, sy broers en susters! Hy is saam met ons mens, Hy deel alles wat ons as mens is met ons, sodat Hy kan ly as die Een wat God verwerp, verstoot, veroordeel en vervloek. So word Hy die offer as versoening vir ons sonde.

Jesus het in elke opsig gelyk geword aan ons sodat Hy sy heiligheid as mens met ons kan deel. Dit is hoe dit gestel word in Hebreërs 10 vers 10 gestel word. Volgens sy wil is ons heilig gemaak deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, eens en vir altyd.

7. Dit is wie die Here Jesus ons laat wees: eens en vir altyd heilig vir God. Omdat Hy ons onheiligheid versoen met sy offerdood as heilige mens, is ons vir God in ons liefde vir God, heilig, eens en vir altyd.

God is nie skaam vir ons en ons liefde vir Hom nie!

Dit is die heerlikheid van ons posisie as kinders van God. Hy laat Hom as Heilige God verheerlik deur ons voor Hom in heiligheid te laat leef: Hy maak en laat ons liefde as sy kinders vir Hom heilig wees. Volkome en volmaak – dit is omdat Hy ons laat deel en insluit by wie Jesus as mens vandag vir en met ons is.

Geheilig in ons liefde vir God deur die offer van Jesus as heilige mens: ons die vloek en oordeel van ons onheiligheid op Hom te neem.

Die Heilige God skaam Hom nie vir ons wat ingesluit is in wie Jesus vir ons is nie: dit is hoe ons heilig voor God is, Jesus sluit ons met Hom in en stel ons in wie Hy en wat Hy vir ons doen voor die Vader:

Hier is Ek en die kinders wat God My gegee het! Heb. 2: 13. Ek is nie skaam vir hulle nie, Ek het hulle geheilig deur my offer.

8. Christus skep in ons 'n nuwe vrymoedigheid teenoor God as die Heilige! Dit word só gestel: “Broers, ons het dus vrymoedigheid deur die bloed van Jesus om in te gaan na die heiligdom, langs 'n nuwe lewende weg wat Hy vir ons geopen het...

- laat ons daarom ingaan met 'n opregte hart,
- in volle geloofsekerheid,
- met ons harte besprinkel,
- vry van 'n slegte gewete en

Christus het ons vir God se liefde geheilig

➤ ons liggame gewas met skoon water.”

Vrymoedig om na God as die Heilige te gaan en met God as die Heilige te verkeer! Skaamteloos voor God! God is heilig omdat Hy liefde is! God se heiligheid is nie sy almagtigheid, sy alomteenwoordigheid, sy ewigheid nie. God is heilig want God het nie lief nie, God is Liefde.

Daarom gaan God se toorn, woede en haat, en daarom die straf en oordeel van sonde, nie oor die aantasting van sy mag en krag nie. Dit kan ons in elk geval nie aantast nie. Dit gaan oor liefde wat vertoorn is oor wat nie liefde is nie; oor liefde wat woedend is oor wat nie liefde is nie en oor haat vir dit wat nie liefde is nie.

Daarom is die diepste vervreemding tussen mens en God skaamte! Dit is hoe dit al in die paradys gebeur het. Skaamte oor liefde wat nie goed genoeg is nie. Skaamte oor liefde wat nie liefde is nie. Skaamte oor liefde wat nie daar is waar dit moet wees nie.

Hoe gaan jy vrymoedig die heiligdom binne om die Heilige aan te roep, God wat liefde is? Want vrymoedig beteken nie net skaamteloos nie, maar met die heerlikheid van liefde wat volkome is!

Nooit op jou eie met jou eie sondes en jou eie liefde nie. Nie skaamteloos omdat jy geen begrip het van wat liefde moet wees nie. Nie trots en selfversekerd oor liefde wat nie regtig liefde is nie. Nee, só, met Christus gaan ons die heiligdom van God se liefdevolle teenwoordigheid binne:

“Hier is Ek, Christus met die kinders wat U vir my gegee het. Ek, Christus, het hulle heilig gemaak met my offer. Ek het hulle onheiligheid eens en vir altyd weggevat en hulle laat deel in my heiligheid as mens. Hier is Ek en die kinders wat U vir my gegee het. Ek het hulle liefde vir U volkome gemaak deur my offer vir hulle.

9. Dit is die vrymoedigheid waarmee ons God as die Heilige nader, want Hy God self, Jesus Christus neem ons in sy heiligdom in. Dit is wat bedoel word met 'n nuwe lewende weg wat Hy vir ons open.

Jesus is nie die deurwagter by die heiligdom nie. Hy maak nie vir ons 'n weg oop sodat ons op ons eie na God toe gaan nie. Hy is nie 'n tussenganger wat ons na God toe vat en dan by God los om self en op ons eie voor die Heilige te staan nie.

Jesus self is die Heilige en bedienaar van sy Heilige teenwoordigheid. Dit is hoekom Christus self aan die regterhand van die Vader sit, die Seun van God, self God om self die ons Hoëpriester te wees.

Christus het ons vir God se liefde geheilig

Dit is die nuwe weg, Christus: Hy bring ons tot die Vader met hierdie volmag: Hier is Ek die Seun met die kinders wat U as Vader vir my gegee het om na ons toe te bring!

Ek wat heilig is in hulle plek het hulle vir die Heilige geheilig: hulle liefde is vir geheilig deur My offer. Hulle mag my vrymoedig nader sonder skaamte!

10. Christus wat ons so tot Hom as die Heilige bring, as God wat self vir ons die Hoëpriester is, self vir ons instaan, Hier is Ek met my kinders voor die Vader,

- gee ons in die plek van 'n skaam hart 'n opregte hart dat ons met Hom voor die Vader kan verskyn omdat Hy Hom nie vir ons skaam nie!
- gee ons die volle geloofsekerheid dat Hy ons heilig gemaak het om die Heilige aan te roep en staan nie in ons skaamte dat God vir ons skaam is nie.
- neem ons slegte gewete weg dat ons te onheilig is om in die Heilige se liefde in gesluit te wees en Hy vir ons skaam is, en
- en gee ons 'n besprinkelde hart, 'n hart wat God mag en wil lief hê omdat ons geheilig is, 'n hart wat nie te skaam is om God lief te hê nie.
- gee ons die teken van die doop op ons liggame dat ons met skoon water gewas is om te wys dit is wat Christus met ons doen: vrymoedig in ons liefde omdat ons vir God geheilig is.

Hier is Ek en die kinders wat U vir my gegee het! Ek is nie skaam om hulle my broers en susters te noem nie!

11. Hoe nader ons kinders, klein kinders, pleuters en tieners die Heilige in sy tempel?

Kan u vir een oomblik dink dat Christus so maak! “Ek vat net die groot mense in die heiligdom in met hierdie liefde: Hier is ek en die kinders wat U vir my gegee het, die kleintjies kan nie inkom nie!”

“Ek skaam my om die klein kindertjies my broers en susters te noem!”

Kan Christus so wees, nie skaam vir groot mense nie, maar skaam vir kleintjies en nog steeds 'n barmhartige Hoëpriester wees?

Dit kan nie! Hy is nie skaam om kleintjies sy broers en susters te noem nie, want Hy heilig hulle ook in en vir God se liefde. Ook hulle mag in hulle kleinwees skaamteloos hulle Vader nader omdat Christus hulle insluit in sy offer om hulle te heilig vir God se liefde!

Christus het ons vir God se liefde geheilig

Kan u vir een oomblik dink dat Christus só maak: toe hulle kleintjies was, was Ek nie skaam om hulle my kinders te noem nie, maar nou dat hulle tieners is, is Ek te skaam om hulle my broers en susters te noem!

Christus is nie skaam om pleuters en tieners sy broers en susters te noem nie, want Hy heilig hulle deur sy offer! Hulle kan vrymoedig sonder skaamte die Heilige as hulle Vader aanroep!

Daarom verseël ons hulle deur hulle liggame met skoon water te was! Hulle mag ook op hierdie nuwe lewende weg die Heilige God vrymoedig nader: hulle is vir God geheilig deur die offer van Christus, eens en vir altyd.

12. Mag ons die volgende met ons kinders doen?

Voor julle nie eers skaam voor God gestaan het nie in julle sonde en naak julle eie sonde voor God erken het en bely het, moet julle buite die heiligdom staan!
Voor julle nie eers ervaar het dat God die Vader vir julle skaam is en Christus te skaam is om julle sy broers en susters te noem nie, kan julle nie saam met Christus na die Vader gaan nie!

Hoe kan naaktheid in jou sonde, skaamte oor jou liefde vir God en die verlatenheid dat God vir Hom skaam vir tieners die manier wees om na God te kom, as Christus mense so na God bring: Hier is Ek en die kinders wat U vir my gegee het, Ek is nie skaam vir hulle nie want Ek het hulle vir Ons geheilig!

Ons mag nie!

Daarom laat ons hulle liggame met skoon water was in die teken van die doop! Sodat hulle en ons kan weet hulle mag vrymoedig die Heilige aanroep, want Christus het hulle vir God geheilig deur sy offer een en vir altyd.

13. Mag ons die volgende met ons kinders doen?

Jy is goed, oulik en liefies genoeg vir God!

Dit is nie nodig dat Christus jou die heiligdom inneem nie. Christus hoef jou nie een van sy kinders te laat wees wat sy broers en susters is nie. Jy kan self skaamteloos voor God verskyn en skaamteloos vrypostig jouself voor God wees.

God het jou lief net soos jy is!

Voor watter God kan jy so skaamteloos vrypostig wees, en Hy moet jou net aanvaar soos jy is?

Christus het ons vir God se liefde geheilig

Dit is daardie God wat nie meer die Heilige is nie. Daardie God wat mense in hulle lewe inpas soos hulle wil, oor wie hulle ook kan voel, dink en sê wat hulle wil! Daardie God wat moet nuttig, gedienstig, beskikbaar en betekenisvol in my lewe vir my en my begeertes moet wees.

Vir daardie God is jy goed, oulik en liefies genoeg, het jy nie Christus nodig nie om jou sy kind te laat wees en in sy offer in te sluit om jou vir die Heilige te heilig.

Maar ons weet ons kinders is in sonde ontvang en gebore, en daarom ken ons Christus as die Here wat hulle ook net soos ons nodig het – net Hy kan ons skaamteloos voor die Heilige laat verskyn met die vrymoedigheid dat Hy nie vir hulle skaam is nie.

Hulle is geheilig in en deur Christus wat in hulle plek vir hulle die heilige mens is en tog die offer vir onheiliges was.

Kom ons doop hulle, was hulle liggame met skoon water sodat hulle 'n teken kan dra dat Christus hulle by Hom self insluit en vir hulle voor die Vader 'n barmhartige Hoëpriester:

Hoor die toesegging van Jesus Christus die Here vir sy verbondskinders!

“Hier is Ek en die kinders wat U vir my gegee het:

Liam Becker,
Logan Becker,
Lumé Vosloo en
Leané Venter!

Ek is nie skaam om hulle my boers en susters te noem nie!”